Florrie FOKUS

JANUARIE 2023 – UITGAWE 1

ONS DIEN GETROU | ONS TROTS

Tel: 011 672 5345
E-pos: navrae@florries.co.za

Webwerf: www.florries.co.za
Facebook: @HSFlorida
Instagram: hsflorida_ins

Geagte Ouers / Voogde en Florries

`n Besondere woord van welkom aan elke personeellid, Florrieleerder en -ouer. Ek hoop almal van u is net so opgewonde soos ek om terug te wees en dat almal se harte lekker warm klop.

Om ’n FLORRIE te wees is ’n voorreg en ’n eer, want ons is arende, ons bloed is groen, ons vlieg hoog en ons is Liewe Jesus se witbroodjies

’n Besondere woord van welkom aan elke gr 8-leerder. Ek weet julle is bang en benoud, maar moenie wees nie, julle sal sommer vinnig sien ons hier by FLORRIES is lief vir mekaar. Ons is sommer klaar lief vir julle elkeen – ons nuwe **LORRIES.**

Ons sien elke jaar hoe ons gr. 8-leerders van “*Zero*” na “*Hero*” verander. Jy is vanoggend hierdie bang en verskrikte gr. 8-leerder, maar binnekort is jy die senior in die skool en in die Eerste Rugby-, Netbal- of Hokkiespan en of selfs die kaptein.

Baie welkom aan ons hoofseun - Jadin Mphapuli, hoofdogter - Zioné Erasmus, en ons onderhoofleiers, Crystal-Leigh Schaper, Sunelle Venter, Dannike Zietsman, Jeandré Visser, Ruben Otto en Divan Venter, die VRL en ons eregaste, die graad 12-leerders.
Hierdie is julle jaar.

Baie welkom aan die graad 9- tot 11-leerders, julle is die ruggraat en die diepte van die skool. Mag julle ‘n ongelooflike 2023 hê.

Florries se tema vir die jaar is:

ONS PLEK, ONS TROTS

‘n Wonderlike tema om die gees in ons skool te beskryf en dit is hoe dit hoort.

FLORRIE MAGIC - Dit is wat ons skool so spesiaal maak en dit is wat mense oor ons laat praat.

Ons bloed is groen, ons is arende, ons vlieg hoog en ons is nie gemiddeld nie.

Dink, maar aan ons JESUS TYD, Loop in Geloof en omgeegroepe. Selfs ons dissipline – dit is nie “cool” om nie die regte ding te doen nie, een ou spreek jou aan wat weer 6, 9, 20 of 100 ander aanspreek en dan gebeur dit wat verkeerd is nie meer nie. Ek dink aan die groot kartonboks vol *vapes* wat ek in die hoogoond laat gooi het.

So, FLORRIES, laat die positiewe gees leef in alles wat ons doen – dit is en bly “cool" om die regte ding te doen. Moet nooit dat jou stem stil word nie. Spreek Hoop en Seën. Dit skep eenheid, liefde, geborgenheid en vrede. Dit lei tot sukses en voorspoed. Dit is dié gees wat veroorsaak dat die wêreld kan sien by Hoërskool Florida is God in beheer.

Hierdie gees is nie iets wat jy kan koop of kan kry nie – dit is binne-in jou – dit is jou ingesteldheid, jou manier van praat, jou manier van dink, hoe jy jouself gedra en hoe jy jouself sien.

FLORRIES, ons moet oorvloedig lewe en dit geniet. Alles wat ons doen, moet ons voluit en met oorgawe doen en so wonderlike herinneringe opbou wat ons hele lewe by ons sal bly.

Ons tema**, Ons Plek, Ons Trots**, moet ons so uitleef sodat almal wat na ons kyk, nie anders kan as om hoopvol oor die toekoms te wees nie.

Sê elke dag vir jouself: “Ek wil en sal die beste wees net omdat ek kan. Ek sal elke oggend in die spieël kyk en vir myself sê: “Môre, ma se mooi seun of dogter” omdat ek dit weet en glo.

Laat die oorwinningslied se woorde elke dag in jou ore weerklink.

Ek sien in die gees die Glorie en die Almag van die Heer. Die Allerhoogste wat in liefde oor Sy Koninkryk regeer... Hy het belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer. Hy is Koning, Hy regeer. Loof Hom, prys Hom, halleluja x 3...Hy is Koning, Hy regeer.

Onthou, God is trots daarop om jou Sy kind te noem. Leef dit!

FLORRIES, kom ons tel ons seëninge en kom ons herinner mekaar elke dag daaraan hoe geseënd ons werklik is. Kom ons gaan steek die wêreld en ons maats in die skool met ’n positiewe gees aan, kom ons moedig mekaar daagliks aan, want ons is in ’n hoogsfunksionele skool. Ons het ’n skoollied, ’n erekode, ’n vlag, ’n vaandel, ‘n arend, pragtige geboue, mooi skooldrag en pragtige sportgeriewe, kom ons pas dit op en kom ons is trots daarop.

Byvoorbaat dankie, aan ons gr. 12-klas van 2022 wat ons gaan trots maak met puik graad 12-uitslae en al ons ander leerders wat akademies pragtig presteer het.

Dankie aan al ons kinders wat in 2022 ons skool in die buiteland gaan verteenwoordig het, kinders wat by SA's presteer het asook al ons provinsiale wenners! Ons is voorwaar trots op julle.

Gr. 8's - Mag die volgende vyf jaar die beste tyd in jou lewe wees. Ons bid die Here se seën op elkeen van julle af. Onthou, jy is Liewe Jesus se witbroodjie en jy is BAIE spesiaal. Neem aan alles deel, dit is die vinnigste wat jy deel van ons skool sal word.

Gr. 12-leerders, ons eregaste, mag hierdie jaar vir elkeen van julle net voorspoed en geluk bring. Mag jou hele lewe en in besonder jou matriekjaar gefokus wees op harde werk, trots en liefde. Mag jou nagte lank genoeg wees om te studeer, jou dae pynloos, jou geloof groot en mag julle almal, soos jul voorgangers, sukses en GLORIE aan die einde van die jaar smaak. Baie sterkte!

Ek wil byvoorbaat baie dankie sê aan elkeen wat in 2023 van dag een af hard gaan werk en besef dat alles wat ons doen, doen ons net vir onsself en ons eie toekoms. Dankie aan elkeen wat lojaal en trots is op ons skool.

Mag 2023 vir een en elkeen van ons baie spesiaal wees – by die huis, in ons persoonlike lewe, hier by die skool en ook in ons geloofslewe. Mag die Here weer in 2023 ons mooi skool seën met Sy liefde en genade.

Baie welkom en baie sterkte vir 2023

DANKIE

Groot dank aan elke bestuurslid, onderwyspersoneel, admin- en terreinpersoneel wat hard gewerk het om ons skool netjies, skoon en gereed te kry vir die nuwe jaar. Ons het groot waardering vir u harde werk en toewyding.

MOSIES

- Baie welkom aan ons nuwe personeel:
  Me. Carla Snyman (Skeppende Kuns / Engels)
  Me. Edell Marais (Wiskunde)
  Me Almarie Katzke (Afrikaans)
  Me Zandrea Marx (LO)
- Baie welkom aan alle ander personeel en dankie vir u volgehoue harde werk en lojaliteit. Dit word opreg waardeer. Sterkte vir 2023.
- Baie dankie aan me Mara Sorgdrager wat ingewillig het om ons te help na haar aftrede asook me Ansa Steenkamp wat ons die eerste deel van die kwartaal kom help.
- Baie welkom terug aan mee Rita Barnard en Francè van Niekerk wat terug is na hul operasies ondergaan het.
- Baie dankie aan alle personeel wat graad 12-vraestelle nagesien het.
- Groot dank aan mnr Manna Labuschagne en die werkers wat die nasiensentrum hanteer het en die skool vir ons pragtig skoon gemaak het na die vakansie
- Baie geluk aan al die personeel wat gedurende die vakansie verjaar het - mag ons Liewe Vader u ryklik seën in die nuwe lewensjaar.
- Baie geluk aan me Michell Wilsnagh met haar verlowing.

- Baie geluk aan me Amanda Kruger met haar dogter, Clarissa, se troue.
- Baie dankie aan mnr Morné Hanekom wat die rugbyseuns tydens die Ierlandtoer as hoofafrigter vergesel het. Ons is baie bly julle is veilig terug.
- Sterkte aan me Monica Bayliss en familie met die afsterwe van haar moeder.
- Ons dink ook aan al die families wat geliefdes aan die dood afgestaan het.

PRESTASIES

- Sam Dlamini is tydens die Distrik sportprysuitdeling as sportseun van die jaar en Hoërskool Florida as sportskool van die jaar aangewys.
- Sam Dlamini woon in Desember 2022 die Afrika spele by waartydens hy ‘n silwer medalje in verspring en ‘n goue medalje in die aflos verwerf het. Baie geluk Sam asook mnr Anton Bouwer wat hom afgerig het. Hoërskool Florida is trots op jou!

.

E-POSSE

Gebruik asseblief die e-posse soos hieronder aangedui om met betrokke personeel in verbinding te tree:

TEAMS/IT-navrae:	it@florries.co.za (me Mari Janse van Vuuren)
Akademiese navrae:	akademie@florries.co.za (me Ronelle Nell)
Adjunkhoof/terrein/ geboue/vervoer:	adjunk@florries.co.za (mnr Koos Jansen van Vuuren)
Dissipline navrae:	dissipline@florries.co.za (mnr Johan Botha)
Graad 8-navrae:	tharieno@florries.co.za (Me Tharien Oosthuizen)
	marijvv@florries.co.za (Me Mari Janse van Vuuren)
Graad 9-navrae:	amandak@florries.co.za (Me Amanda Kruger)
Graad 10-navrae:	elnab@florries.co.za (Me Elna Botha)
	joletteb@florries.co.za (Me Jolette Beneke)
Graad 11-navrae:	sport@florries.co.za (me Di Woolley)
Graad 12-navrae:	johannesb@florries.co.za / magrietv@florries.co.za (mnr Johan Byleveld en me Magriet Vorster)

Bemarking: bemarking@florries.co.za (mnr Morné Hanekom)
Sport: sport@florries.co.za (me Di Woolley)
Musiek/Kultuur/Radio-Florries: tharieno@florries.co.za (me Tharien Oosthuizen)
Ontvangs: ontvangs@florries.co.za (me Ilse le Roux)
Filmskool: mariuso@florries.co.za (Mr M. Oosthuizen)
Inskrywings: admin@florries.co.za (Me E. Jansen)
Hoof: hoof@florries.co.za

SKOOLGELD 2023

Ons vertrou dat almal se eerste paaiement van R3 700 betaal is. Baie dankie aan alle ouers hiervoor. Die balans van die skoolgeld (R27 800) moet ***asseblief*** nou in 10 paaiemente van R2 780 per maand (einde Februarie tot einde November) betaal word. Groot dank aan elke ouer wat getrou hul ‘ereskuld’ nakom.

GEDEELTELIKE SKOOLGELDVERLIGTINGSPROSES

Onderhoude met ouers sal vanaf 23 – 30 Januarie 2023 plaasvind. Volledige aansoek met getekende ooreenkoms en alle stawende dokumente met bewyse moet asseblief persoonlik by die Finansiële kantoor voor of op 15 Februarie 2021 ingehandig word.
Groot dank aan die skoolbestuur en Beheerliggaamslede wat al die ouers tydens die onderhoude te woord gaan staan.

REGISTRASIEPROSES 2023

Baie dankie aan die groot getal leerders wat, soos versoek, op 10 Januarie 2023 geregistreer en hul handboeke ontvang het. Leerders wat egter nog nie geregistreer en hul handboeke ontvang het nie kan dit slegs in die middae vanaf 14:00 by die onderskeie boekstore doen.

Leerders ontvang slegs handboeke, skrifte en ‘n dagboek met die toon van hul kwitansie. Ons doen ‘n beroep op ouers om handboeke netjies oor te trek, en om handboeke met die nodige sorg te hanteer. Handboeke is baie duur en kan nie sommer net vervang word nie.

LEERDERSAKE:

Ons het met hartseer kennis geneem van die afsterwe van Lisa Anne Le Roux (gr. 10) se vader, Adriaan (gr. 9) en Mandy Coetzee (gr. 10) se moeder en Liam van Tonder (gr. 10) se moeder. Ons dra hierdie familie en vriende aan ons Hemelse Vader op.

GRAAD 8-ORIËNTERINGSDAE

Die nuwe graad 8-leerders het die voorreg gehad om op Vrydag, 6 Januarie 2023, Saterdag, 7 Januarie 2023, Maandag, 9 Januarie 2023 en Dinsdag, 10 Januarie 2023 oriënteringsdae by die skool by te woon. Ons vertrou hulle het dit baie geniet en sommer gou deel gevoel van die Florrie Familie en die Florrie-‘*Magic’*.

Groot dank aan al die personeel wat die kamp en oriëntering georganiseer het. Baie dankie aan die groot hoeveelheid graad 8-ouers wat die ken-mekaar Vrydagaand, 6 Januarie 2023 bygewoon het. Dit was heerlik om u almal daar te ontmoet. Baie dankie aan al die ouers, leerders en personeel wat die graad 8-kerkdiens op Dinsdag 10 Januarie 2023 bygewoon het. Dit was ‘n besondere geleentheid.

Ons sien met groot verwagting daarna uit om met hierdie pragtige groep van 253 graad 8-leerders te werk! Baie welkom en sterkte!

GROENTJIEKONSERT

Daar is 3 konserte wat sal plaasvind.
Donderdagaand, 12 Januarie 2023 om 17:30 vir 18:00 @R40
Vrydagmiddag, 13 Januarie 2023 om 14:30 vir 15:00 @R30
Vrydagaand, 13 Januarie 2023 om 17:30 vir 18:00 @R50

Florries moet nie hierdie konsert misloop nie. Die nuwe onderwysers gaan ook ‘n item lewer.

GRAAD 8-BAADJIESEREMONIE

Ons nooi alle graad 8-ouers uit om hierdie seremonie op Maandag, 16 Januarie 2023 by te woon. Graad 8-leerders ontvang hul baadjies, waarna die palmboomseremonie sal plaasvind. U sal ‘n skrywe van die graadhoof hieroor ontvang.

GRAAD 12-OUERAAND

Graad 12-leerders en ouers moet die uiters belangrike oueraand op, 7 Februarie 2023 in skoolklere bywoon. Graad 12-leerders moet asseblief toesien dat hulle ‘n studierooster het, elke dag huiswerk doen en geen PAT-opdragte onder 70% inhandig nie. In LO-take, toetse en eksamen moet jy 80% behaal.
Graad 12-leerders MAG nie afwesig wees of gedurende periodes rondloop nie.

Onthou: Kompeteer nie met jou klasmaats nie, maar met jouself. Kyk nie na die klasgemiddelde nie, maar na jou eie gemiddeld. Moet nooit tevrede wees met die gemiddeld nie, maar net met die beste. Jy werk die volgende 9 maande aan die belangrikste dokument in jou lewe – Jou graad 12- matrieksertifikaat.

BETROKKENHEID

Liewe Florrie, ’n betrokke Florrie is ’n gelukkige Florrie. Pak alles met groot passie en ywer aan. Kom ons neem deel aan alles, word deel van alles en kom ons jubel en juig. Betrokkenheid van al ons leerders op alle vlakke is van onskatbare waarde. Dit bou die Florrie-gees en verseker dat die *Florrie Magic* seëvier. Ons doen ‘n beroep op ons ouers om seker te maak dat elke kind (graad 8 tot 12) alle tuisatletiekbyeenkomste bywoon:

Atletiek:

20 Januarie – tuis teen Roodepoort; Jan Viljoen; Birchleigh; Benoni; Reddford
27 Januarie – tuis teen Transvalia; Klerksdorp; Marais Viljoen
3 Februarie – tuis teen Bastion; KSWR; Lichtenburg; Willowridge; Roodepoort; KHS
10 Februarie – Prestige te Ruimsig teen Vereeniging Gim; HTSM; Linden; Affies; Centurion; Bergsig
17 Februarie – Roodepoort kamp – Roodepoort en Linden Prestige te Ruimsig
21 Februarie – Interhoër te Ruimsig
24 Februarie – D12

VAKFONDSE

Ons doen ’n beroep op ouers om hulself te vergewis van vakfondse by sommige vakke.

Dramatiese Kunste R230, Rekenaartoepassingstegnologie R230, IT R230, Verbruikerstudies R350, Siviele Tegnologie R350, Elektriese Tegnologie R350 en Visuele Kunste R500.

Indien u kind een van hierdie vakke neem moet u asseblief hierdie verpligting in die finansiële kantoor nakom. Byvoorbaat dankie ook aan alle ouers wat hul skoolgeldverpligtinge nougeset nakom.

STUDIEKLASSE:

Daar is lokale waar leerders in die middae hulle huiswerk of leerwerk kan doen, indien hulle om een of ander rede by die skool moet wag. Die klasse is oop vanaf 14:00 – 16:00.
Maandae: Me. B. Nortjé G19
Dinsdae: Me. Tina Langley O12
Woensdae: Me Alisha Roux O10
Donderdae: Me. C. Möhlen R6

RADIO-FLORRIES EN FILMSKOOL

Daar word elke dag lewendig vanuit die ateljee uitgesaai, lekker musiek word gespeel en daar word daagliks met die leerders oor aktuele sake gesels. Ons het reeds aanbieders en speellyssamestellers, maar daar is plek vir jou – doen net aansoek.

By die Filmskool word kortfilms en video's gemaak oor alles wat by die skool gebeur. Ons hou onderhoude met bekendes, geleerdes, gespierdes, begaafdes en sommer net met my en jou. Gaan kyk gerus na die nuutste YouTube video oor ons graad 8-kamp.

Die *Florrie Magic* word weekliks vasgevang op video en op die sosiale netwerk geplaas.

Bring jou idees en jou kreatiwiteit en word deel van hierdie ongelooflike geleentheid. Indien jy belangstel, kontak mee Tharien Oosthuizen of Bets Swanepoel by die musiek-kantoor of mnr Marius Oosthuizen by die radiostasie en filmskool.

HANDBOEKE

Alle leerders wat nog handboeke moet ontvang, kan vanaf Woensdag, 11 Januarie 2023 tot Vrydag 13 Januarie 2023 na skool, vanaf 14:00-15:30 hulle handboeke in die volgende lokale gaan afhaal:

Graad 8	G19
Graad 9	B4
Graad 10	Renico Teater
Graad 11	O4
Graad 12	O33

Leerders moet asseblief hulle kwitansies saambring.

KOOR (CON SPIRITO)

Kooroudisies sal soos volg plaasvind in G13:

Donderdag 12 Januarie 2023:
Graad 8 tydens skooltyd in klasverband, tussen 12:30-14:00.
Graad 9 - 12 vanaf 14:00-15:00
Indien jy reeds in 2022 in die koor gesing het, hoef jy nie weer te gaan vir 'n oudisie nie

Gaan skryf jou naam op by me T van Niekerk in O3.

Kooroefeninge is op Woensdae vanaf 17:20 - 20:00.

REDENAARS

Leerders wat belangstel om aan redenaars deel te neem sal op 12 Januarie 2023 briewe ontvang. Interne redenaarsaand vind plaas op Woensdag, 8 Februarie 2023. Die twaalf beste leerders per graad dring na die eerste rondte van die ATVK deur.

GELOOF, HOOP EN FLOREER

Florries se geloofsvriende kom elke Donderdag, eerste pouse, by die palmbome bymekaar. Die leerders geniet dit en ervaar die Here se liefde. Ons is ook op Instagram en Facebook beskikbaar as Geloof_Hoop_ Floreer!

Elke Donderdag, eerste pouse! JY WIL DIT NIE MIS NIE!!! SIEN JOU DAAR!!

Ons gaan die jaar ook *groot* met vier *Praise and Worship* byeenkomste. Elke kwartaal sal daar een wees.

BLOEDSKENK

Die Nasionale Bloeddiens besoek ons op 23 Januarie 2023 en leerders sal weer geleentheid kry om bloed te skenk. Onthou, jy moet 16 jaar of ouer wees, meer as 50kg weeg en ’n veilige leefstyl handhaaf.

Indien jy nog nie op die groep is nie kom maak 'n draai by me Alisha Roux in O10.

VEILIGHEID VAN LEERDERS

Ons is bewus daarvan dat kriminele elemente oral op die uitkyk is vir opportunistiese geleenthede. Leerders word gemaan om nie hulle waardevolle besittings sigbaar te maak as hulle die skoolterrein verlaat nie. Selfone moet liewers in hul sakke gebêre word. Verseker asseblief dat u kind se eiendom duidelik gemerk is. Ons vra graag almal se samewerking om ons kinders en eiendom veilig te hou. Moet nooit jou tas/sportsak onder jou oë laat uitgaan nie!

SELFONE

Leerders word daarop gewys dat die skool geen verantwoordelikheid kan aanvaar vir die verlies van enige selfoon nie. Sluitkassies vir selfone is by die kafeteria beskikbaar. Sleutels vir die kassies is by me. Ilse le Roux beskikbaar @ R100 huur per jaar (R50 deposito sal teruggegee word aan die einde van die jaar as die sleutel ingehandig word).

ALGEMENE VOORKOMS EN NETHEID

Ons doen ‘n vriendelike, dog ernstige beroep op alle leerders om elke dag volgens die skoolreëls op te tree. Ouers word versoek dat hulle kinders korrek geklee die huis verlaat en betyds elke dag by die skool is. Leerders wie se hare nie volgens die reëls is nie, sal huis toe gestuur word.

VAKVERANDERINGS

Geen vakveranderings kan ongelukkig volgens departementele reëls meer plaasvind nie. Die rooster is reeds gefinaliseer en vakgroepe is bepaal.
Daar kan ook ongelukkig geen voogklasveranderinge plaasvind nie. Alle dokumentasie, strukture, roosters ens. is reeds gedruk en afgehandel.

VLR-VERKIESINGSBEAMPTE EN VERKIESING

Die verkiesing van die Junior VLR-verkiesingsbeampte sal op 16 Januarie 2023 plaasvind waarna die junior VLR-verkiesingsproses sal begin op 30 Januarie 2023. Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

LAATKOMMERS

Verseker asseblief dat u kind betyds by die skool is en indien u ’n probleem ondervind skakel asseblief die skool, dit is bloot net goeie praktyk.

Leerders wat laat kom kan slegs by die hoofhek inkom en moet by die kantoor aanmeld om in te teken.

VERLORE ROOSTERS

Verlore roosters is ‘n groot probleem en kos ‘n aansienlike bedrag. Daar is besluit dat die herdruk van verlore roosters voortaan R10 sal beloop. Dit is betaalbaar by mee. Ethne Oelofse en Ronelle Nell in die administratiewe kantoor.

LEERDER DAGBOEKIES

Groot dank aan alle betrokkenes vir die pragtige leerderdagboekies. Ons vertou dat elke leerder hierdie dagboek effektief sal gebruik. Die bestuur versoek ouers om gereeld na die D6-kalender te kyk en deur hul kinders se dagboekies te blaai en hulself te vergewis van belangrike datums. Die toetsrooster verskyn reeds in die dagboek.

SLUITKASSIES

Sluitkassies is by mnr. Deon du Preez te huur @ R220 per jaar vir ‘n lang deur en R170 per jaar vir ‘n kort deur.

KLAGTE EN GEDAGTEBOKS

Leerders word aangemoedig om asseblief van hierdie fasiliteit gebruik te maak. Die bestuur wil graag elke leerder se positiewe of negatiewe inset hê en daaraan aandag skenk. LW: Die hoof lees elke brief en gee persoonlik daaraan aandag.

BEKRONINGSFUNKSIES

Die bekroningsfunksies van 2022 leerders vind op 31 Januarie 2023 vir graad 8- en graad 11-leerders plaas en 2 Februarie 2023 vir graad 9- en 10-leerders plaas.

BEHOEFTIGE LEERDERS

Behoeftige leerders ontvang elke dag ‘n kospakkie en ietsie om te drink by die skool. Indien daar enige ouers is wat ons hiermee wil help kan u mee. Ilse le Roux of Marietjie van Zittert in die algemene kantoor kontak.

Indien u bereid is om vir ons ‘n kontantdonasie op ‘n gereelde basis te skenk, nooi ons u graag om indien moontlik, ‘n debietorder te voltooi vir behoeftige leerders.

BERADINGSKANTOOR

Leerders kan van die beraders by die skool gebruik maak deur ’n afspraak by mnr Jaco Oosthuizen of mnr. Johan Botha te maak. Die beradingspan bestaan uit mnr Jaco Oosthuizen, me. Hermien Steyn, Ds Rudolph van der Westhuizen, Pastoor Ferdie Landsberg en mee. Lydia Schoeman en Bianca van Heerden.

SPORT:

SKAAKINTERHUIS

Die jaarlikse Skaakinterhuis vind op Saterdag, 21 Januarie 2023 vanaf 07:30 tot 13:00 in die klubhuis plaas.

Almal wat kan skaak speel is baie welkom. Die graad 8-leerders word spesiaal genooi om te kom deelneem.

Skaakafrigting: Elke Maandag tydens saalopening in O34. (07:15 – 08:30).

ATLETIEK

Atletiek se oefentye is Maandae tot Donderdae 14:30 tot 16:00

Spanbestuurders	Seuns: T Vermaak, D Wilsenach, R Purchase
	Dogters: C Hanekom, E Bekker, M Fouche-Jacobs
Afrigters	Verspring: A Theron, M Wilsenagh, P Jordaan
	Baan: C Hanekom, M Hanekom
	Hoogspring: D du Preez, E Botes
	Worpe: L Badenhorst, F Nel, S Botha (Diskus) D Basson, M Strydom (Gewig) T Powell, D Wilsenach (Spiesgooi)
	Hekkies: D Todd, A Bouwer
	Middelafstande: T Vermaak, R Purchase, J Oosthuizen

AFRIGTERS VIR DIE JAAR:

HOKKIE	**ORGANISEERDER**	A Roets; M Fouche-Jacobs
	o/14A	M Janse van Rensburg; R Potgieter
J BOTHA	**o/15A**	Cecile Rhodes; S Potgieter
	o/16A	S Schwann; B Nortje
	Eerste	M Fouche-Jacobs; A Roux
	Verversings;	A Roux
	Tegnies	J van Wyk
	Junior seuns	I Marais; Z Marx
	1ste Seuns	D du Preez; A Roets
	Goalies	D Basson

NETBAL	**ORGANISEERDER**	A Theron
	o/14A; B	M Wilsnagh; S Botha
D WOOLLEY	**o/14C; o/15C**	S Kruger
	o/15A; B	C Hanekom; D Todd
	o/16A; B	R Nell; T Powell
	o/17A	A Theron
	Eerste	E Bekker; T Meyer
	Tweede	E Botes
	Verversings	M Vorster; C Bayliss

RUGBY	**ORGANISEERDER**	M Hanekom
	o/14A&B	D Wilsnagh; P Jordaan
K J VAN VUUREN	**o/15A**	M Strydom; A Bouwer
	o/15B	F Nel
	o/16A&B	R Purchase; G van der Merwe
	Eerste	M Hanekom; V Volschenk
	Tweede	J Bothma

ONTHOU: DEELNAME AAN ATLETIEK IS NOODSAAKLIK OM AAN 'N WINTERSPORT DEEL TE NEEM! NIE NET INTERHUIS NIE.

RUGBY- HOKKIE- EN NETBALOEFENTYE: OEFENING VIND PLAAS IN SPANVERBAND!!!

Op Maandag, 13 Februarie 2022 begin die wintersport eers om 15:30 op die B-veld.

Crossfitbaan:
Die fasiliteit is elke Maandag en Woensdag vanaf 14:30 - 15:30 in sportverband beskikbaar. Spanne moet vergesel wees van hul afrigter.

Gymnasium:
Die fasiliteit is elke Dinsdag en Donderdag vanaf 15:00 - 17:00 beskikbaar onder toesig van hul afrigter.

Rugby-, hokkie- en netbalproewe vind op Woensdag, 22 Februarie 2023 plaas.

PERDRY

Me Sarien de Villiers is die onderwyserverteenwoordiger vir perdry. Dit is amper tyd om in te skryf vir SANESA se “Core League”. Ruiters kan aan soveel klasse moontlik deelneem en sodoende punte behaal vir hul skool.

Ons gee ook graag erkenning aan ons ruiters tydens die jaarlikse sportprysuitdelings.

BERGFIETS

Die eerste vergadering is op 13 Januarie 2023 by die klubhuis.
Eerste bergfietswedren vind op 14 Januarie 2023 te Olifantsfontein plaas.
Oefening vind elke Dinsdag en Donderdag om 15:00, tot die laaste persoon klaar is, plaas.
Ons sien ongelooflik uit na al die uitdagings en pret wat 2023 vir ons inhou.

ALGEMEEN:

MY SCHOOL

Het u geweet dat u kan registreer vir ‘n “My School” ondersteunerskaart. U kan Hoërskool Florida nomineer as ‘n begunstigde. Wanneer u by deelnemende maatskappye koop, moet u die “My School” kaart “swipe” sodat die aankope teen Hoërskool Florida registreer.
‘n Gedeelte van u transaksie word dan aan die skool geallokeer. Ons gebruik die fondse om ons behoeftige leerders te ondersteun. Aansoekvorms kan by die algemene kantoor afgehaal word.

Indien u reeds oor ‘n “My School” kaart beskik, onthou om asseblief die begunstigde te verander vanaf u laerskool na Hoërskool Florida. Gaan kyk asseblief op u staat om te verseker dat Hoërskool Florida steeds u begunstigde is.

NASIENSENTRUM

Ons skool was vanaf 8 Desember 2022 tot 23 Desember 2022 gebruik as ‘n graad 12-nasiensentrum. Groot dank aan mnr Manna Labuschagne en die algemene werkers vir die hantering van die nasiensentrum wat foutloos verloop het. Ons het baie komplimente vir ons pragtige skool en mooi fasiliteite ontvang.

SPORTVELDE

Die sportvelde en terrein lyk pragtig na die goeie reën wat ons ontvang het. Groot dank aan mnr Manna Labuschagne en die terreinpersoneel wat elke dag hard werk om ons skoolterrrein en geboue netjies te hou.

VERKEER VOOR EN NA SKOOL

Ons versoek ouers om u kind op ’n veilige plek by die M-hek op en af te laai. Let asseblief daarop dat Havingastraat soggens ‘n eenrigtingstraat van Noord na Suid is (vanaf Louis Botharylaan na Highway straat. Daar sal daagliks deur Help24 puntdiens wees en ons vra almal se samewerking. Neem asseblief ‘n foto van voertuie wat die reëls oortree en stuur vir ons sodat ons die skuldiges persoonlik kan skakel. Ons leerders se veiligheid is vir ons baie belangrik.

Die hoofhek word slegs in die middae gebruik vir voetgangers en personeelvoertuie wat die terrein verlaat.

WEBBLAD

Ons nuwe webblad sal eersdaags beskikbaar wees met die nuutste inligting, foto’s en video’s. Verseker asseblief dat u kind wat presteer op die skool se webblad verskyn deur inligting en foto’s te stuur na mnr. Morné Hanekom by bemarking@florries.co.za en mnr Marius Oosthuizen by mariuso@florries.co.za.

D6-KOMMUNIKATOR

NB! NB! NB! Die vinnigste metode van kommunikasie tans is die D6-Connect wat op u rekenaar of selfoon afgelaai kan word. Die grootste voordeel is dat ‘n dringende boodskap / berig u dadelik kan bereik. Volg die volgende aanwysings om die applikasie af te laai: gaan na http://www.school-communicator.com/download.php en selekteer Hoërskool Florida. Onthou, dit is ‘n gratis diens, spesiaal vir ons ouers. Hierdie kommunikasiemiddel gee Hoërskool Florida se dag-tot-dag program, asook belangrike inligting vir u as ouer.

Alle nuwe graad 8-ouers word versoek om onmiddellik te registreer.

LET WEL: DIE D6-KOMMUNIKEERDER IS NIE MEER AKTIEF NIE, MAAR WEL DIE D6 CONNECT!!!!

HERWINNINGSPROJEK

Ons het verlede jaar ‘n suksesvolle herwinningsprojek van stapel gestuur. Ons wil graag die projek tot nuwe hoogtes neem in 2023 deur besighede in die omgewing te betrek. Indien u graag ‘n bydrae wil lewer deur u afval-drukpapier (“*printing* paper”) te skenk, kan u ons skakel. U kan ook enige herwinningsmateriaal (papier, plastiekbottels, glas en karton) by die hoofhek aflaai.

Klerewinkeltye

URE: 07:00 – 14:00 Dinsdae, Woensdae en Donderdae

BOODSKAP VAN DIE HOOFSEUN EN HOOFDOGTER

Geagte Florries

Namens Hoërskool Florida en die VLR-lede wil ons julle almal by die 2023 akademiese jaar verwelkom, veral die graad 8's en die nuwe leerders wat hierdie jaar by die skool aansluit. Alhoewel die gedagte om by hoërskool aan te sluit nogal skrikwekkend kan wees, wil ons jou verseker dat daar niks is om oor bekommerd te wees nie. Ons is seker jy sal baie vinnig by die skoollewe aanpas en 'n paar fantastiese, nuwe vriende langs die pad maak. Jy kry net een geleentheid om die hoërskool te ervaar, so maak seker jy werk hard, druk deur en bereik jou doelwitte.

In Jesaja 43:18-19 staan daar: *“Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring”*

Aan die Matrikulante van 2023: werk hard en geniet elke oomblik! Kom ons streef daarna om 'n goeie voorbeeld vir die ander leerders te stel. Hierdie is 'n baie belangrike jaar vir ons aangesien dit ons toekoms gaan bepaal, daarom doen ons 'n beroep op almal om dit ernstig op te neem.

Kom ons maak die beste van 2023.

Groete

Jadin Mphapuli en Zioné Erasmus

BAIE DANKIE

Hoërskool Florida spreek weereens sy dank uit teenoor elke ouer, leerder en oudleerder wat ons skool se naam daagliks uitdra.

‘n Geseënde kwartaal en nuwe jaar word u elkeen toegewens. Mag ons nooit vergeet waar al ons genade en seën vandaan kom nie. Alle eer aan ons Skepper.

Florriegroete

JJ KATZKE
HOOF